



W E L K O M B I J

TEKSMARK JOBURG 2026

21 Oktober • UJ Kuns & Kultuur



'n KKNK- en NATi-projek.

Ondersteun deur UJ Kuns & Kultuur, Het Jan Marais Nasionale Fonds
en die Baxter-teater.

KKNK

nati
NATIELE INISIASIEF NUTS-ENKUNST

THE
BAXTER



HET JAN MARAIS
NASIONALE FONDS

The background of the poster is a blurred photograph of a concert or festival. In the foreground, two hands are raised in the air, one making a rock-on gesture and the other holding a small white cup. The background is filled with out-of-focus lights in shades of blue, purple, and white, suggesting a stage or a large arena. At the very top, there is a decorative border with a repeating geometric pattern in red, white, and black.

KKNK 2027

23 TOT 27 MAART

   @KKNKfees

Oudtshoorn • kknk.co.za

WELKOM

by die derde Teksmark Joburg

Teksmark Joburg is 'n unieke teks-ontwikkelingsplatform wat die skep van nuwe Suid-Afrikaanse teatertekste aanmoedig en om skrywers en rolspelers in die teaterbedryf met mekaar te verbind, vir moontlike investering en verdere ontwikkeling van tekste.

Sewe nuwe Suid-Afrikaanse stories met 'n fokus op kabaret, satire en komedie, is vanjaar as deel van **Teksmark Joburg** by UJ Kuns & Kultuur te sien. Verteenwoordigers van teaters, feeste, produksiehuise en ander moontlike beleggers word genooi na **Teksmark Joburg** om sodoende direk met skrywers oor hul werk in gesprek te tree.

Skrywers kry by **Teksmark Joburg** die geleentheid om oor hul nuwe teksidee te gesels en daarna 'n kort uittreksel as leesteater aan te bied. Sedert die ontstaan van die Teksmark-projek is meer as 200 teks-idees deur meer as 180 skrywers vir verdere ontwikkeling voorgelê, waarvan meer as 50 tekste tot volskaalse produksies ontwikkel is. Hierdie produksies het ook reeds hope pryse ontvang.

Teksmark Joburg word aangebied deur die KKNK en NATi, met ondersteuning van die Universiteit van Johannesburg (UJ) Kuns en Kultuur, Baxter-teatersentrum en die Het Jan Marais Nasionale Fonds.

Teksmark is van 10 tot 11 September 2026 vir die 11de keer in Kaapstad by die Baxter-teater aangebied en word van 6 tot 7 November 2026 vir die tweede keer op Oudtshoorn aangebied.





wat *steek* in jou?

nati

NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

www.nati.org.za  

PROGRAMSKEDULE

Woensdag 21 Oktober 2026

09:00 TOT 12:00 • SESSIE 1

Die prosedure

Deur Nico Taljaard

Uittreksel o.l.v. Dion van Niekerk

Met Adriaan de Ridder, Walter Strydom,

Lutho Dala en Mia-Anne O'Kennedy

Ticket Number 47

Deur Madinny Lebeko

Uittreksel o.l.v. Jane Mpholo

Met Obed de Koker en Zizipho Nyulu

Death of a Postman

Deur Obett Motaung

Uittreksel o.l.v. Obett Motaung

Met Katleho Jack Moloi,

Aalliyah Zama Mdluli Matintela en

Soiso Ndaba

Escape from the CBD

Deur Loraine Wheeler

Uittreksel o.l.v. Loraine Wheeler

Met Ildi Kungl en Gugu Madlabane

15:00 TOT 16:30 • SESSIE 3

I'm too mad to tell you

Deur Imaan Latif

Uittreksel o.l.v. Sabia Latif

Met Imaan Latif en

Lara Lourens

Meisie Fleisie

Deur Mosa Neema Rabannye

Uittreksel o.l.v.

Mosa Neema Rabannye

Met Boitumelo Rens en

Tsholofelo Moeng

The 7 Ages of Sue

Deur Luan Jacobs

Uittreksel o.l.v. Luan Jacobs

Met Minke Marais, Ivan Malan,

Mia-Anne O'Kennedy, Mia

Snyman, Neels Claasen, Liezl

de Kock, Elicia Shirinda en

Erin Patience

12:30 TOT 14:30 • SESSIE 2

Inleiding tot kabaret

Aangebied deur Marthinus Basson

Met uittreksels en optredes deur Llandi Beeslaar, Karli Heine,

Ilse-Lee van Niekerk, Vihann van Rooyen en Coenraad Rall

Inleiding tot kabaret

Aangebied deur **Marthinus Basson**

Die veteraan-teaterregisseur **Marthinus Basson** bied 'n fassinerende inleiding tot die kuns van kabaret aan. Dit fokus op die ontwikkeling van die kunsvorm – van die intieme kafees en literêre salonne van Europa tot die vestiging daarvan as een van teater se uitdagendste en veelsydigste genres. Deur gesprekke, voorbeelde met optredes en kreatiewe verkenning, kry die gehoor insig in die ryk geskiedenis van kabaret en sy unieke vermoë om musiek, storievertelling, satire, humor en sosiale kommentaar te verweef.

Verder verken die sessie die ontwikkeling van kontemporêre kabaret aan die hand van konsepte, sketse en teksidees deur opkomende en gevestigde teatermakers, waaronder **Llandi Beeslaar**, **Vihann van Rooyen**, **Ilse-Lee van Niekerk** en **Karli Heine**. Deur historiese konteks met praktiese voorbeelde te kombineer, bied *Inleiding tot kabaret* 'n waardevolle geleentheid vir skrywers, kunstenaars en teaterliefhebbers om te ontdek hoe hierdie dinamiese teaterkuns steeds nuwe stemme en kreatiewe moontlikhede op die Suid-Afrikaanse verhoog inspireer.







Death of a Postman

Obett Motaung

'n Man sterf. Sy familie kom bymekaar om oor hom te rou, maar die begrafnis ontvaard gou in iets wat lyk soos 'n familiereünie wat niemand wou bywoon nie. Njabulo, 'n posman wat in onguns geraak het, het meer as net hartseer agtergelaat: geheime, verraad, ou wrokke en onafgehandelde

sake, en die waarheid weier om saam met hom na die graf te gaan. *Death of a Postman* is 'n meesleurende donker komedie wat vra: Hoe goed ken ons werklik die mense wat ons ons familie noem?

Obett Motaung is 'n multidissiplinêre kunstenaar en navorser wat in teater, film, fotografie en poësie werk. Hy is in 2022 as een van die *Mail & Guardian* se 200 Young South Africans vereer en het in 2025 die National Arts and Culture Award vir uitstaande teaterproduksie ontvang. Hy het 'n meestersgraad in film en televisie aan Wits verwerf. Van sy werk het die Simon Sabela-prys en die prys vir beste Afrika-film by die Cannes World Film Festival ontvang, met benoemings by die Pan African Film Festival en die Africa Movie Academy Awards. Hy was 'n finalis vir die Sol Plaatje-poësieprys en Thami Mnye-le-kunsprys, en sy teaterproduksies is in Suider-Afrika aangebied. Hy het residensies in Europa en Wes-Afrika gehad.

Njabulo: "Funerals are judged by two things. How loudly people cry and how well they eat. If there's no meat that's all people will talk about."



Die prosedure

Nico Taljaard

Kobus de Lange besoek op aandrang van sy vrou vir dr. Jacques Rossouw vir 'n besnydeniskonsultasie. Wat begin as 'n ongemaklike mediese afspraak, onttaard vinnig in 'n absurde sielkundige ontleding waar 'n klein stukkie vel 'n simbool van identiteit, manlikheid

en kultuur word. Hierdie tragikomedie vermeng realisme met elemente van satire en absurditeit om belangrike vraagstukke te takel. Vraagstukke soos: Watter aspekte van 'n mens bepaal sy identiteit? Hoe definieer en beskerm mans hulle manlikheid, onderhandel hulle oor die ruimte waarin hulle hul bevind? Waar lê die lyn tussen finansiële oorlewing en gierigheid – beide met betrekking tot mediese etiek en die verbruikerskultuur oor die algemeen.

Nico Taljaard is 'n dinamiese Suid-Afrikaanse storieverteller. Hy het toneelspel en teaterkuns aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer, waar hy 'n graad in drama en 'n honneursgraad in film en visuele media verwerf het. Sedert 2016 het hy in 40 produksies verskyn, waaronder in teater, TV en kortfilms, en hy doen ook stemwerk. As skrywer verken hy ongemaklike temas – ras, manlikheid, identiteit, die behoefte om ander tevrede te stel, selfaanvaarding en verhoudingsdinamika in verskeie vorme – die magie van eenvoudige oomblikke sowel as die absurde fassineer hom ewe veel. Sy debuuttoneelstuk, *Skin Deep*, het veelrassige verhoudings ondersoek en is by die André Huguenet-teater opgevoer nadat dit in 2022 deel van die KKNK se Teksmark was. Hy tree tans op as vervaardiger van sy solovertoning *Doodnormaal*, terwyl hy aan *Die prosedure*, sy aktueel-uitdagendste toneelstuk tot dusver, werk.

"Dit begin altyd met 'n veranderinkie hier en 'n veranderinkie daar. En voor jy jou oë uitvee, is jy 'n onherkenbare weergawe van jouself."



Escape from the CBD

Loraine Wheeler

Escape from the CBD is 'n verhaal oor vrouevriendskap en hoe mense na mekaar omsien. Wat verg dit vir enigiemand om op straat te beland, en as mens daar beland, hoe behou jy jou waardigheid? Rusty is 'n parapleeg wat herstel van 'n dwelmverslawing, en bevind haar in die

moeilikste situasie om met haar gestremdheid te moet saamleef. Kaya is haar vriendin en selfaangestelde versorger, en saam het hulle Rusty se trollie-wat-ook-moet-dien-as-'n-rolstoel in 'n tuiste van soorte omskep. Kan hulle gou genoeg deur die dorp jaag in die hoop op 'n beter lewe, nadat 'n onverwagse boodskap aan hulle 'n uitkoms bied.

Loraine Wheeler is 'n skrywer, illustreerder, sangeres, aktrise, kostuumontwerper en veelsydige kunstenaar. Sy is doenig met kuns in een of ander vorm vandat sy vroeg skool verlaat het om by haar ma se operaskool te werk, en sedertdien het sy nog nooit dieselfde ding twee keer gedoen nie. Sy is tans die hoofsangeres van die drag-rockgroep The Travestis, met haar man op kitaar. Sy hoop om in die toekoms nog etlike stories te vertel, hetsy op die verhoof of die skerm, of in geskrewe formaat.

Kaya

(Looking over their cash)
If we're going hard
currency, it's gonna be
the usual diet. Loosies,
bread, achar - and you can
have one big thing.

Rusty

Caviar.

Kaya

You say that every time,
and I promise you, you
would gag if I actually
brought you caviar.

Rusty

I have refined tastes. You
don't know me.



I'm Too Mad to Tell You

Imaan Latif

In die rustige wingerde van die Wes-Kaap word die brose bestaan van 'n veilige hawe eensklaps verwoes. Een vrou is 'n suksesvolle entrepreneur, die ander 'n gedissiplineerde onderwyser wat van kulturele voorskrifte probeer ontsnap. Wanneer kommunikasie oor hierdie bitter kloof misluk,

verander die vertoning in 'n aangrypende kabaret. Rou emosies neem die plek van gesproke woorde in en ondersoek of liefde die verstikkende voorskrifte van die samelewing kan oorleef en of onskuld uiteindelik voel asof jy op jouself aangewese is.

Imaan Latif is die artistieke direkteur van Sovereignshakti – 'n psigo-sosiokulturele platform wat dekoloniale welstand, beweging en multidissiplinêre kuns integreer. Haar praktyk ondersoek die raakpunte tussen spiritualiteit, intimiteit en kulturele geheue. Sy beweeg tussen die grense van toewyding en rebellie, dissipline en plesier, die heilige en die absurde.

"There is a sudden ache behind my ribs. I thought it was a haunting, but it's worse, the ghost is real and terrifyingly beautiful."



Meisie Fleisie

Mosa Neema Rabannye

Meisie Fleisie ondersoek die ingesteldheid van swart teatermakers wat in oorwegend wit ruimtes werk. Meisie is besig om saam met die gehoor aan 'n nuwe toneelstuk te werk, *Ts Nut Up 4 Dick-suckin ... I Min Discussing*, waarin daar in die trauma van minderheidsgroepe gedelf word

deur liberale wit vervaardigers in 'n poging om nie voor te kom asof hulle onopregte redders is nie.

Mosa Neema Rabannye was in residensie by die Johannesburg Institute for Advanced Study en die Jakes Gerwel Stigting. Haar toneelstukke is onder meer deur Modjaji Publishers, Isele, Artscape Theatre, Suidoosterfees, Vrystaat Kunstefees, Performing Arts Centre of the Free State, Craft Bites International en die Playwrights Guild of Canada opgevoer of gepubliseer.

"I could be a eunuch, so you know there's fokkol going on."



The Seven Ages of Sue

Luan Jacobs

Sewe vreemdelinge. Sewe lewens. 'n Vrou wat hulle nie ken nie het hulle reeds vir altyd verander. Geïnspireer deur Shakespeare se sewe lewensfasies van die mens, is *The Seven Ages of Sue* 'n vinnige, snaakse en meedoënloos menslike ontmoeting tussen mense wat hul pad deur liefde,

ambisie, verlies, swak besluite en die algemene absurditeit van menswees probeer vind. Hulle stories lyk wonderlik onverwag – totdat toeval, tragedie en een buitengewone daad hulle aan mekaar bind. In die middel daarvan staan Sue, 'n gawe doodgewone vrou met 'n irriterende volgehoue begeerte om die wêreld beter agter te laat as wat sy dit gevind het. Die donker komiese en onverwags aangrypende stuk vra: Wat as om die wêreld te verander met 'n veel kleiner stap begin as wat ons dink?

Luan Jacobs is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse akteur, skrywer, regisseur, vervaardiger, stemkunstenaar en dosent wat nasionaal en internasionaal in teater, film, televisie en radio werk. Hy het 'n BA-honneursgraad in drama en filmstudies en het die beurs van die International Order of the Sword and Pen ontvang, waarna hy sy opleiding in Banff, Kanada, voortgesit het. Sy loopbaan sluit die regie van meer as 70 teaterproduksies, meer as 8 000 stemopnames en uitgebreide werk as verhoog- en skermkunstenaar in. Hy is al vir van sy toneelspel en skryfwerk bekroon. As storieverteller is hy aangetrokke tot die bande wat mense vorm, humor en om die buitengewone binne oënskynlik doodgewone lewens te vind.

"Maybe some thorns have roses."



Ticket Number 47

Madinny Lebeko

Ticket Number 47 is 'n donker komedie wat in 'n munisipale kantoor afspeel, waar 'n eenvoudige versoek in 'n onmoontlike reis ontaard. Mnr. Motaung arriveer om 'n grafnommer vir sy broer se begrafnis te kry, maar in plaas daarvan bevind hy homself vasgevang in 'n tou wat beheer word deur

vermiste lêers, gebroke stelsels en amptenare wat vergeet het van die mense wat hulle veronderstel is om te dien. Terwyl hy saam met ander inwoners wag, elk met hul eie verhaal van frustrasie en verlies, begin hulle ontdek dat hul stryd nie uniek is nie – en dat die enigste manier om soms gehoor te word, is om saam te staan.

Madinny Lebeko is 'n Suid-Afrikaanse filmmaker, vervaardiger, regisseur en draaiboekskrywer met meer as 11 jaar se ervaring in die film- en televisiebedryf. Sy het oorspronklike films vir Mzansi Magic vervaardig, geskryf en geregisseer, en as storielynskrywer en draaiboekskrywer tot SABC Lesedi FM se bekroonde radiodrama *Monyaka* bygedra. As stigter van LIABSI Media Productions skep sy stories wat Suid-Afrikaanse werklikhede weerspieël oor verskeie platforms heen. Sy is ook die skrywer van *Lebo the Rooster Clicks Smart*, 'n kinderproduksie wat by skole opgevoer word. *Ticket Number 47* is haar debuut as dramaturg en bring haar ervaring as storieverteller na die lewende teater.

"Even death has to take a ticket here. The difference is, death doesn't have to wait for the number to be called."

ERKENNINGSLYS

Kunste Onbeperk-personeel

Hugo Theart, Lizané Basson, J.C. Aucamp, Daventia Kennedy, Adrian Patrick, Colleen Swartz, Ashlene Rittels, Astrid van Ster, Cole Wessels en Bernard le Roux & Amanda Duvenage (Dryland Africa)

Programontwerp

Roeché van Zyl (The Makery)

Fotograaf

Reinhardt Bodenstein & Kane Lucas

Videograaf

Surprise Nkomo

Tegniese versorging

Tebogo Ramatapa, Ludick Rasello, Nhlanhla Dube en Gontse Mokoka

Bedankings

NATi

Cornelia Faasen en direksie

UJ Kuns & Kultuur

Pieter Jacobs, Karabo Legoabe, Phodiso Matloga, Tebogo Ramatapa, Lugano Salima, Rahiem Whisgary, Surprise Nkomo en Lakin Morgan-Baatjies

Spotlight Cafe

Lugano Salima en Nosipho Ngubane



BOOK A WORLD CLASS VENUE!

Explore our venues at arts.uj.ac.za and find a space that suits your vision.

Bring your next production, performance or event to the **UJ Arts & Culture venues**. From intimate recitals to full-scale productions, our spaces are designed to give your audience a front-row experience.

For bookings and enquiries,
contact Leonie at leonie@uj.ac.za

Foto-oorsig van Teksmark 2026 by die Baxter-teater in Kaapstad

© Nardus Engelbrecht



Foto-oorsig van Teksmark 2026 by die Baxter-teater in Kaapstad

© Nardus Engelbrecht

Skandeer vir
Teksmark 2026
se program

